GELOOF EN ONGELOOF

Gemeente! Die Heilige Gees sê: "Vandag, wanneer julle luister na wat God in sy Woord sê, moet julle nie opstandig wees nie, maar julle moet mekaar help om reg te lewe." (Hebr. 3)

Genade, en vrede vir julle van God ons Vader, Van Jesus Christus die Here en van die Heilige Gees!

Lofsang: Gesang 209

Wetlesing: 1 Johannes 5: 1-5

Skuldbelydenis: Gesang 514: 1 & 2

Skriflesing: Hebreërs 3: 7 – 19

Gebed: Gesang 266

Prediking:

Broers en susters:

1. INLEIDEND

Baie jare gelede, toe ons nog kinders was, het daar 'n kinderboek in 'n boekrak in ons huis gestaan. Die titel van die boek was: "*Geloofshelde van die Bybel"*. Die titel het altyd by my gebly – soveel só dat toe ek nog 'n jong gemeente dominee was, ek 'n reeks preke oor die geloofshelde van die Bybel gehou het. Ek het gepreek oor Noag, Abraham, Moses, Dawid, Henog, Samuel, Petrus en Paulus.

Die gedagte van geloofshelde kom natuurlik uit die Hebrëerbrief. Hebreërs 11 begin met die baie bekende definisie van geloof: ***"Om te***

glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie". Daarna volg 'n lang lys van mense wat voorbeelde van geloof is: Noag, Abraham, Henog, Isak, Jakob, Moses, Ragab, Simson, Dawid, Daniel en so meer. ***Die lys eindig met Jesus, die Begin en Voleinder van geloof.***

Wat opvallend is, br en sr, is dat die Hebrëerbrief hierdie mense nie geloofshelde noem nie, maar eerder 'n ***skare van geloofsgetuies.*** Dit is nie Hebreërs wat van helde praat nie. Dit is ***ons*** wat van hulle helde gemaak het. In die Kinderbybel word Simson met bultende spiere geteken. Hy lyk soos 'n superheld in die flieks.

Maar die Bybel praat nêrens van geloofshelde nie. Inteendeel, die gelowiges van die outyd word uitgebeeld as mense wat swak is, wat struikel, wat sondig, wat teen God in opstand kom en aan God twyfel. Abraham is so bang vir die Farao dat hy vir die Farao vertel sy vrou, Sarai, is sy suster sodat die Farao haar maar kan vat en sy lewe spaar. Moses was so woedend vir die Here dat hy sy kierie teen die rots stukkend geslaan het. Dawid het owerspel met Batseba gepleeg en haar man laat vermoor. ***In die Nuwe Testament verloën en verraai Jesus se dissipels Hom en vlug vir hulle lewe…***

Hoe ouer mens word, hoe meer besef jy ***daar is nie geloofshelde nie.*** Nie in die Bybel en ook nie vandag nie. Elke mens, hoe gelowig ook al, worstel met ongeloof, met sonde, met opstandigheid teen God.

Vyfhonderd jaar gelede het die Kerkhervormer, Maarten Luther, dit ook baie goed besef. Daarom het hy vir die mense vertel dat jy nie in die regte verhouding met God leef omdat jy so ’n goeie mens of ’n geloofsheld is nie, maar alleen op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus.

Luther het die spanning waarin ons leef baie mooi vasgevang in ’n Latynse spreuk. Hy het gesê ons almal is ***simul iustus, simul peccator.*** Ons is almal, die gelowiges van die Bybel en ons, tegelykertyd geregverdig en tegelykertyd sondaars. Paulus het ook daarvan getuig as hy in Romeine 7: 19 skryf: ***Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie; maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.*** En dan roep hy desperaat uit: ***Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.***

Daar is nie geloofshelde nie. Daar is net sondige mense wat deur die genade van God in Jesus Christus glo. Dit bly so tot die dag van jou dood. Die dag as jy op jou sterfbed lê, moet jy steeds bid: ***Here, wees my arme sondaar genadig”.*** Jy gaan nooit in jou geloof groei en ontwikkel tot ’n ***Klas 1A Platinum*** gelowige nie. Ons word nooit ’n geloofshelde nie. Ons bly altyd sondaars, maar deur die genade van God verloste sondaars.

Deel van ons sonde en swakheid is die twyfel en ongeloof wat in ons broei. Ook hier geld Luther se spanningsvolle antwoord. In sy boek

oor die ***Vryheid van die Christenmens*** skryf hy oor homself, oor die feit dat hy in homself net ’n klein druppeltjie geloof vind wat deur die see van sonde en ongeloof bedreig word. Tegelykertyd gelowig, tegelykertyd ongelowig. In ons self vind ons twyfel en selfs ongeloof, maar tegelykertyd deur die Heilige Gees ook geloof. God se genade is dat HY Homself met sondaarmense bemoei, nie met geloofshelde nie.

2. EKSEGETIES

Die gedeelte wat ons vandag in die Hebrëerbrief gelees het praat ook oor geloof en dreigende ongeloof. Hebr. 3: 12: “***Julle moet toesien dat daar nooit by een van julle ’n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig raak nie.”*** Eintlik gaan die hele Hebrëerbrief oor die spanning tussen geloof en ongeloof. Daarom dat die skrywer in hoofstukke 11 en 12 na die skare geloofsgetuies verwys, om die mense aan wie hy skryf aan te moedig om soos hulle in die geloof vas te staan.

Die Hebrëerbrief is baie vroeg geskryf, waarskynlik so vroeg as 65 n.C., so ongeveer 35 jaar na Jesus se kruisiging. Dit is gerig aan Christene wat goed bekend was met Joodse gebruike en tradisies, moontlik die Joodse Christene wat nog in Jerusalem gewoon het. Die Christene in Jerusalem het baie ***swaar gekry. Politieke onderdrukking, armoede, siekte en hongersnood*** was alledaagse verskynsels. Volgens bronne uit die eerste eeue van die kerk moes die Christene uit Jerusalem vlug as gevolg van oorlog en geweld wat daar gewoed het. In die jaar

72 nC het die Romeine die stad en tempel heeltemal verwoes. Baie van die gemeentelede het na die dorpie Pella, oos van die Jordaanrivier, gevlug. Dit is teen hierdie agtergrond wat die Hebrëerbrief geskryf is. Sommige van die Joodse Christene was verward, hulle was arm, hulle het swaargekry en hulle het begin ***twyfel*** aan Jesus. Hebreërs is geskryf met die doel om hulle aan te moedig om ***vas te staan in die geloof dat Jesus die Verlosser is.***

Die skrywer ***haal Psalm 95 aan*** om die Joodse Christene aan te moedig om vas te staan in die geloof. Die aanhaling verwys na die Israeliete wat tydens hulle uittog uit Egipte opstandig geword het en hulle vertroue in God verloor het. Hulle het Moses verwyt dat hy hulle uit Egipte gelei het. Hulle was bang dat hulle in die woestyn sou sterf. Hulle het nie God se beloftes geglo nie. Hy waarsku die Christene om nie soos die Israeliete hulle vertroue in God te verloor nie.

3. HERMENEUTIES

As ’n mens hierdie gedeelte oor geloof en ongeloof lees, is daar ’n paar goed wat opvallend is:

- Ons moet raaksien dat die Hebrëerbrief in hierdie gedeelte ***met gelowige Christene praat***, nie met heidene of ateïste nie. Sy aanhaling uit die OT verwys ook na Israel, die volk van God, na gelowiges wat hulle vertroue in God verloor het. Dit gaan dus nie om mense buite die kerk, mense wat dalk nie in God glo en glad nie godsdienstig is nie. Die Bybel praat ***met gelowiges*** oor geloof

en ongeloof, want in elkeen van ons skuil daar ’n stuk duisternis, ’n stuk ongeloof en sonde.

- Daar is ***verskillende redes*** waarom gelowige mense in ongeloof verval. Moeilike omstandighede kan ’n mens van God vervreem. Lyding en siekte kan ’n mens teen God opstandig maak. In Hebreërs 3 word daar gepraat van die ***misleiding van die sonde***. Dit kan dalk ’n verwysing na die eerste mense in die Tuin van Eden wat deur die slang verlei is om sonde te doen. Omdat hulle sonde gedoen het, so vertel Genesis 3 vir ons, het die mense skaam geword vir God en het hulle vir Hom weggekruip. Dit was nog nooit anders nie. Ons sonde vervreem ons van God, tot so ’n mate dat ek myself wysmaak dat God nie bestaan nie en dat ek nie ***God se oordeel*** hoef te vrees nie, want oordeel en straf bestaan nie. Hebr. 3 wys daarop dat die Israeliete wat in opstand gekom het deur God gestraf is – hulle het in die woestyn gesterf. ’n Lewenstyl waarin daar nie plek vir God is nie, is die glybaan na ongeloof.

- Daarom waarsku Hebr. 3 ons: ***Onthou met wie jy te doen het: Dit is die lewende God.*** God is nie dood nie, selfs al verklaar ons God op grond van ons menslike verstand en ervaring en insig dat God dood is. Ek, as mens, kan nie besluit of God bestaan nie. God is die lewende God. Daarom moet ons, ***terwyl daar nog ’n***

vandag is, luister na wat die Gees sê; moet ons luister na God se Woord; moet ons luister na God se stem en moet ons nie opstandig wees nie maar gehoorsaam aan die wil van God.

- Dit is in die gemeente, in die kerk, waar ons die Woord hoor en ervaar dat die Heilige Gees in ons werk. Om deel te wees van ’n gemeente is belangrik om in die geloof staande te bly. ***Hebr. 3:12: Julle met toesien daar nie by een van julle ’n gesindheid van ongeloof ontstaan nie…*** Dit is hier in die gemeente, waar ons mekaar kan aanspoor om in die geloof staande te bly. Dit is ’n mite dat ’n mens los van die kerk en die gemeente gelowig bly. Daar is al heelwat navorsing gedoen wat aantoon dat ongeloof hand-aan-hand loop met kerklike onbetrokkenheid.

4. TOEPASSING

Broers en susters:

Ons is nie geloofshelde nie. Ons is maar net doodgewone mense, sondaars, wat sukkel om te glo en partymaal van God afvallig raak. Ons leef altyd in die spaanning van sonde en bekering, van geloof en ongeloof.

Daarom: Hoor die stem van die Here! Terwyl daar nog ’n vandag is, luister na wat die Gees vir die Gemeente sê: ***Volhard in die geloof! Staan vas te midde van die versoekings van die wêreld; te midde van al die menslike redenasies oor God.*** Onthou, God is die lewende God

en ons moenie sy geduld beproef nie. Glo en bely dat Jesus Christus die Verlosser is en leef in gehoorsaamheid aan God.

Ons is nie geloofshelde nie, maar ons is wel deel van die skare geloofgetuies. Laat ons deur ons woorde en deur ons lewenswyse getuig van die lewende God.

Amen.

Gebed:

Geloofsbelydenis:

Slotsang: Gesang 475: 1 &2

Seën: Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal julle genadig wees en tot julle redding verskyn; Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle Sy vrede gee! Amen.